Lees ons & adverteer AANLYN www.Noordwester.co.za LIKE US NOW

Noordwester

Man se liggaam lê dalk dae lank in huis - p3

Hier staan Pieter van der Hoff saam met Chris van Niekerk en sy boorspan

Diereklinik sê dankie vir hulp met boorgat

NOORDWESTER – LICHTENBURG - Maande lank het die Lichtenburgse Diereklinik en aanliggende Dierewelsyn gebuk gegaan onder waterskaarstes weens tekorte en probleme by die Lichtenburgse Munisipaliteit.

Maar hier het die watertekort hardnekkig voortgegaan selfs nadat die watertoevoer na ander gedeeltes in die dorp waar watertekorte voorgekom het, herstel is.

Só krities was die watersituasie dat die kliniek in ‘n stadium self moes begin om water in dromme aan te ry en andersins moes daar op die hulp van weldoeners staatgemaak word ten einde ‘‘huishoudelike’’ water vir mens en dier beskikbaar te hê. Uiteindelik was dit duidelik dat die sink van ‘n nuwe boorgat die enigste langtermyn-oplossing was. Die Diereklinik wil graag die volgende persone en instansies bedank vir hulle hulp met die kliniek se waterpojek: Hans Nel Bande, mnr Kobus du Preez en OK Foods wat gereeld gehelp het met water. Mnr. Pieter van der Hoff, ‘n boer van Gerdau wat onlangs water op die perseel uitgewys het. Hierna kon die projek in alle erns begin om te verseker dat die kliniek nie binnekort weer met ‘n waterprobleem opgeskeep sit nie. Mnr Chris van Niekerk en sy professionele span het ingespring en ja, daar was water – sommer baie daarvan! NWK onder leiding van mnr Johan Bezuidenhout vir twee watertenks wat hy aan die kliniek geskenk het. Agrico onder leiding van mnr Hannes Kruger wat ‘n pomp geskenk het en dit goedgunstiglik geïnstalleer het.

Met ‘n nuwe en goed-toegeruste boorgat op hul perseel beoog die Diereklinik om voortaan deur middel van ‘n pypleiding gratis water aan Dierewelsyn te verskaf – inderdaad goeie nuus vir alle diere in Lichtenburg! Die Diereklinik bedank ieder en elk van hierdie instansies vir hul hulp om ‘n einde aan die langdurige “droogte” by die twee uiters belangrike plaaslike diere-instansies te maak.

Gestig 1955

04 AUGUSTUS 2023

Bantjesstraat 19,
Posbus 2000,
Lichtenburg 2740

Epos: mailbag@noordwester.co.za

Tel: 018 632 6038

Faks: 018 632 4222

9 771680 161008

R2-00
VAT INCL

LICHTENBURG DIEREHOSPITAAL
ANIMALHOSPITAL

Tel: 018 632 3011 Sel: 084 970 8146 (Na-ure)

NWK Sê dankie AGRICO More than 100 years of service

JOU vermaak in 'n Neutedop

Klein slimkoppies vra méér

deur/by Christelle van Rooyen-Wessels

NOORDWESTER - LICHTENBURG - In my dae - die 1970's - wanneer jy as sesjarige Sub A toe is, het jy geleer lees en skryf en somme doen.

Deesdae word daar van sesjariges verwag om reeds dié dinge - en meer - onder die knie te hê. Ek weet van sewejariges wat reeds ekstra wiskundeklasse kry. Dit is dus belangrik om jou kind geleenthede te gee wat hul sal help om na die beste van hul vermoë te ontwikkel - en te presteer. 'Breinspeletjies vir slimkoppe' deur nasionale onderrigpryswenner, Ronél Barkhuizen is 'n versameling bord- en breinspeletjies wat kleingoed sal vermaak - terwyl hulle so speel-speel hul geheue verbeter, leer konsentreer en hul probleemoplossingvaardigheid slyp. Maar dis nie net hul breinspiere wat geoefen word nie! Die speletjies is só saamgestel dat liggaamsbalans ook verbeter kan word en ook die nek-, bo-bors- en skouerspiere versterk kan word. Die verbetering van oog-hand-voet koördinasie is ook op die spyskaart - wat ook dan kan bydra tot die ontwikkeling van toekomstige Springbok-, Banyana-Banyana- of Protea netbalspelers.

Die speletjies kom saam met 'n handleiding met instruksies vir beweging, asook kort stories. Meeste kinders floreer wanneer hul kan speel. Met 'Breinspeletjies vir slimkoppe', uitgegee deur LAPA Uitgewers, word leer ook 'n lekker speletjie.

Christelle van Rooyen-Wessels

ARRIE NEL PHARMACY GROUP
Family Values,
Value for the whole Family!

Intravenous THERAPY STUDIO

- ROLLS ROYCE / ENERGY-BOOST
- ANTI-INFLAMMATORY / AUTO IMMUNE
- HANGOVER AND JET LAG RECOVERY
- IMMUNE BOOST
- JETFUEL
- IRON
- REHYDRATION
- BRAIN BOOST
- BACK TO WORK BOOSTER
- RESTORE YOUR SKIN
- RESTORE LIVER
- TESTO

For all appointments please contact
018 632 3095/6
VISIT us
www.arrienel.co.za

ARRIE NEL PHARMACY GROUP
PRIME PHARM APTEEK
36 Dr Nelson Mandela drive, Lichtenburg
GRATIS AFLEWERING
www.arrienel.co.za
Familie waardes, waardes vir die hele familie
Tel no: 018 632 3095/6 Faks: 018 632 3246 epos: primepharm@arrienel.co.za

In Memoriam

Susan Ras (82) is op 31 Julie oorlede. Haar verassingsdiens word op Maandag (7 Augustus) om 11:00 in die AP Kerk, Lichtenburg gehou. Die diens word deur ds. Steve Oxton gelei.
Die reëlings word deur RUHET Begrafnisdiense behartig. (K82963)

Anna Christina Geldenhuys (77) se begrafnisdiens word Vrydag (4 Augustus) om 11:00 in die AGS Kruisgemeente, Lichtenburg gehou. Die diens word waargeneem deur Jurie Swart. Sy word ter ruste gelê in die Kieserville begraafplaas.
Die begrafnisreëlings word deur AVBOB Lichtenburg behartig. (K82966)

Noordwester

Kontak ons:
Tel: 018 632 6038 Faks: 018 632 4222
E-pos: mailbag@noordwester.co.za
Adres: Bantjesstraat 19,
Lichtenburg 2740

Code of Conduct
The Noordwester proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and Online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.

Publisher
Published by North West Newspapers (Pty) Ltd;
and printed by North West Web Printers (Pty) Ltd
a division of CTP Limited, 13 Coetzer Street. All rights and reproduction of all reports, photographs, drawings and all materials published in this newspaper are hereby reserved in terms of Section 12 (7) of the Copyright Act No 96 of 1978 and any amendments thereof. North West Newspapers will assume no responsibility with regard to copyright of material submitted for publication by advertisers/readers. All artistic or creative work, photographs and advertising material submitted for publication are regarded exempt from all liability/claims by third parties.

Note: Clients, readers, participants and advertising agents guarantee that the reproduction of text and/or images provided to the media company for advertising purposes contravenes neither copyright legislation nor any other law.

Elektrisiteitprobleme los mense met hande in hare

NOORDWESTER – LICHTENBURG - ‘n Elektrisiteitpilaar het Donderdag (27 Julie) in die nagtelike ure omgeval.

Dié voorval het ‘n chaotiese rippeleffek vir die inwoners van Lichtenburg gehad.

Tydens die kragonderbreking het vandale die geleentheid aangegryp om die substasie te plunder. Die substasie wat toe daarna buite werking was, het veroorsaak ‘n groot gedeelte van die dorp nie net sonder elektrisiteit was nie, maar boonop ook sonder water was aangesien die waterpompe se elektrisiteit van dié substasie afkomstig is. Raadslid Yusuf Laher, Koukusleier van die Demokratiese Alliansie (DA) het aan die Noordwester bevestig dat kontrakeurs begin het met voorbereidings vir ‘n nuwe transformator. “Die nuwe transformator sal hopelik op Vrydag of Saterdag geïnstalleer word,” het Laher gesê. Maar dit is dan steeds nog nie afgehandel nie. Sodra die transformator geïnstalleer is, moet dit toegerus word met die nodige komponente voordat dit met olie -ongeveer 8200 l - gevul kan word. Die transformator moet dan vir 24 uur sonder enige lading getoets word om te verseker dat alles optimaal werk voordat dit lading kan aanvaar. As dit alles voltooi is, en afhangend van die tyd, sal die transformator gereed wees om enige tyd tussen Sondag en Dinsdag lading te aanvaar. “Dié is geskatte tye en niks is nog bevestig is nie. Ons wag vir ‘n finale skedule van Eskom wat aan die publiek bekend gemaak sal word teen die einde van dié week,” het Laher benadruk.

Die Noordwester het met verskeie maatskappy gepraat wat geraak is deur die kragonderbrekings. Een van die besigheidseienaars sê dat dit hom baie geld kos om nou net vir sy kliënte die basiese dienste aan te bied. “Die koste om ‘n opwekker te gebruik, tel teen ons. Ons het ‘n stil week, want meeste mense aanvaar dat ons toe is. Ons sê dankie aan elkeen wat ons ondersteun het in hierdie tyd - sonder hul ondersteuning sou dit nie moontlik wees om hierdie week se oorhoofse kostes te dek nie,” sê Sonja van Vuuren, eienaar van Toeka Koffiewinkel. Op Woensdag (2 Augustus) het die Ditsobotla Munisipaliteit met ‘n plan vorendag gekom om krag tussen die area wat aan is en die area wat af is, te roteer sodat elke gedeelte om die beurt elektrisiteit kan hê tot die herstelwerk voltooi is.

Die skedule vir dié rotering is:
Incomer 1: (krag wat heeltyd aan was)
Vrydag
04:00-09:00
13:00-17:00
Saterdag
00:00-04:00
09:00-13:00
17:00-20:00
Sondag
06:00-10:00
16:00-20:00
Incomer 2 (gedeelte sonder krag)
Donderdag
04:00-09:00
13:00-17:00
Vrydag
00:00-04:00
09:00-13:00
17:00-22:00
Saterdag
04:00-09:00
13:00-17:00
22:00-24:00
Sondag
00:00-03:00
05:00-06:00
10:00-12:00
15:00-16:00

Let wel: Onderbreekte tye is Eskom se nationale beurtkrag.

Man se liggaam lê dalk dae lank in huis

NOORDWESTER – BIESIESVLEI – Die polisie hier ondersoek die moord van ‘n bekende inwoner van die omgewing.

Dr Carel Nell se lyk is Woensdag (2 Augustus) omstreeks 12:00 die middag deur ‘n buurman in sy huis op die plaas Tweelingspruit ontdek.

Die buurman het onraad bemerk toe hy sien dat daar tekens van ‘n skietery was – koeëlgate was sigbaar teen die huis se mure en deure.

Hy het dr Nell se liggaam in sy slaapkamer gevind.

Volgens inligting wat ontvang is, blyk dit dat die voorval dalk ‘n paar dae gelede reeds gebeur het.

Dit het glo gelyk asof die huis deursoek is, maar waardevolle items soos televisiestelle en ander elektroniese items was steeds in die huis. Die oorledene se voertuig was ook in die motorhuis.

Die motief vir die moord is dus nog onbekend, maar gerugte doen die ronde dat dr Nell en ‘n voormalige werker in ‘n dispuut betrokke was. ‘n Betroubare bron sê dat die polisie dié moontlikheid reeds ondersoek.

Donderdagoggend (3 Augustus) het Noordwes Polisiewoordvoerder, kapt Sam Tselenyane die voorval bevestig. “Niemand is nog in verband met die voorval in hegtenis geneem nie,” het Tselenyane gesê. Hy het bygevoeg dat die ondersoek voort duur.

Blokraai 04-08



Opgestel deur die Rustenburg Herald - Compiled by the Rustenburg Herald

R100 op die spel!

Voltooi die blokraaisel en handig dit in by die koerant se kantore voor 10:00 die volgende Dinsdag.

Naam: .....

Adres: .....

Tel no: .....

ID no: .....

Dwars/Across

1. Fight, conflict.
5. Bergreeks.
8. They are played in cricket.
9. Dit stink!
10. ... Gibson (actor).
11. Skaakterm.
14. In connection with.
15. Drag slae.
17. Stu.
18. 'n Paar.
19. Verorber.
21. It's not my cup of ...
24. Grof.
25. Insert.
28. Gekose komitee (afk).
29. Handvergrootglas.
30. Vir motoriste.
31. Respek, agting.
32. Heel laaste.

Af/Down

2. Was not built in one day.
3. Be greeted.
4. A colour.
5. Ook.
6. Huwelik.
7. Aria.
12. Meet filmspoed daarin.
13. Hour of the day.
14. A snake is one.
16. Sangdrama.
18. Make gradually thinner.
20. Meer akuut.
22. Loopvoël.
23. Informele dorpie.
26. Lid van die Parlement (afk).
27. Wanneer dit donker is.

Die Noordwester verwelkom Stephanie Rautenbach as redakteur

Stephanie Rautenbach het op 1 Augustus die leisels as redakteur van die Noordwester oorgeneem. Stephanie is 'n boorling van Klerksdorp, maar woon die afgelope 42 jaar in Lichtenburg. Sy is 'n opgeleide onderwyseres wat vir 42 jaar by verskeie skole in die dorp en omliggende gebiede skoolgehou het. Sy het vir meer as vier dekades elke Vrydag die Noordwester gekoop met die filosofie dat as jy nie koerant lees nie, dan loop jy wat om jou aan die gang is, mis.

"Lichtenburg is 'n gemeenskap vol wonderlike mense. Ek wil graag sien dat ons meer positiewe, alledaagse interessanthede, inspirerende en motiveringstories in ons koerant publiseer. Dit bly tog lekker om 'n aandeel te hê in die koerant. Nou is dit jou kans - raak betrokke," nooi Stephanie.

Sy moedig ook plaaslike besighede aan om van die kans gebruik te maak om hulle besighede te adverteer.

Die blokraaiwenner van 21-07 is Magriet Jansen van Rensburg van Voortrekkerstraat, Lichtenburg. Die wenner van Sudoku #722 is W Romans van Lichtenburg.
Baie geluk! Haal u prysgeld af by die Noordwester se kantore in Bantjesstraat, Lichtenburg.
Onthou om u ID-dokument saam te bring.
Hou in gedagte dat ons kantore Vrydae om 12:00 sluit

Win R100!!! # 724

4	8		7		9		1	2
				2				7
2		5	3			4		
1				4		6		5
	5		1		7		3	
		4		3			2	
3					8			
6				1			4	
			6					

Naam: .....

Adres: .....

Tel no: .....

ID no: .....

Blokraai 21-07

1 M	2 A	3 T	4 I		5 L	6 D	A	7 R	E
8 O	A	S	E		9 E	A	10 R	S	
11 S	N			12 S	T	R	A	N	13 D
14 E	B	15 A	16 Y		17 E	E	N	D	E
18 S	I	T	A	19 R	S		D		I
	20 D	A	K	O	T	21 A		22 A	T
23 O		24 R	U		25 S	M	26 O	K	E
27 M	A	I	Z	28 E		29 M	U	S	I
A			30 A	N	31 N	A			T
32 N	A	A	S	T	E	N	B	Y	

Answer: # 722

1	8	2	4	9	5	7	3	6
5	9	7	1	6	3	2	4	8
6	4	3	8	2	7	5	9	1
7	1	9	5	3	6	8	2	4
8	2	5	9	1	4	3	6	7
3	6	4	2	7	8	1	5	9
4	3	6	7	5	1	9	8	2
2	5	1	6	8	9	4	7	3
9	7	8	3	4	2	6	1	5

Voice your opinion / Verhef jou stem

Die week se vraag: Van verlede week af het Lichtenburg gebuk gegaan onder erge elektrisiteit- en wateronderbrekings. Hoe het dit jou beïnvloed?
Since last week, Lichtenburg has been suffering under severe electricity failures, and resulting water cuts. How did it affect you?

Gaan elke week op Noordwester se Facebookbladsy vir ons nuwe meningspeiling.

Vorige vraag: Die masiewe brand by Biesiesvlei wat 'n buitebandopgaarplek verwoes het, se volle impak sal dalk eers later besef kan word. Wat dink jy kan die gevolge wees - kortemyn sowel as lamktermyn.

Siektes- mens en dier	4%
Verlies van inkomste	1%
Natuurlewe wat verwoes is	4%
Water -en lugbesoedeling	15%
Al die bogenoemde	76%

IMPORTANT

Please keep your letters short and to the point. Letters which contain slander; party political propaganda or advertising for business concerns cannot be accommodated. Please sign all letters (even where a non de plume is used) and SUPPLY YOUR TELEPHONE NUMBER • The Noordwester does not necessarily agree with the opinion expressed in letters and columns.

Sjef Leon Nel, eienaar van Silver Orange Bistro in Hartbeespoort, met die nagereg, Sjokolade-koek sonder meel met 'n tikkie koffie en die gebakte *Camembert*- en neutfilo as 'n voorgereg.

Meesterstuk op jou bord

Tambuti Kombuis - AGRIPULSE – HARTBEESPOORT – Elegant en kontemporêr kunstig voorbereide geregte is kenmerkend van Silver Orange Bistro in Hartbeespoort en om so 'n stukkie van die elegansie met lesers te deel, het AgriPulse by sjef en eienaar van die restaurant, Leon Nel gaan kuier.

Leon spog met tientalle nasionale én internasionale toekennings en disse op dié spyskaart is van wêreldklas-standaard.

Spesiaal vir AgriPulse se lesers het dié bekroonde sjef sy immergewilde voorgereg, Gebakte Camembert en Neutfilo met ons gedeel. Dié voorgereg is 'n kunswerk vol geur, kleur en afronding wat beloof om elke smaakknoppie denkbaar prikkel. Met 'n tikkie persoonlike panache gekomplimenteer deur jou unieke flair, kan jy jou gaste met die meesterlike delikatesse as 'n verwelkomingsgereg bederf.

Besoek gerus Orange Bistro se webwerf by https://www.silverorangebistro.co.za/

- **Gebakte Camembert en Neutfilo**
- **Bestanddele lewer drie porsies.**
- **Bak in oond op 200˚C.**

• WAT JY SAL BENODIG:

Een ronde camembert-kaas in drie vingers gesny, Twee velle filo in die helfte gesny, Een eierwit geklits, 'n Halwe koppie gekapte neute (okkerneute of pekanneute), gesmelte botter, Beetblatjang, Rooibosbessiesous (cranberry) en Acai-bessiepoeier vir garnering.

• HOE OM DIT TE DOEN

Lê filovel op tafel en smeer met botter, doop camembert-vingers in eierwit en rol dan in die gekapte neute.

Plaas Camembert-vinger op die bodem van die gebotterde filovel en rol dan twee keer om, vou kante in en rol in sigaarvorm.

Smeer met nog gesmelte botter en bak by 200˚C vir ongeveer 10min of tot goudbruin.

Bedien bo-op beetblatjang of enige lekkerny van jou keuse,skep bietjie rooibosbessiesous oor en bedruip met heuning. Gebruik verskillende eetbare blommetjies soos basielkruid, mint, laventel of miniatuurgesiggies. Vir die garnering en opdis van die bord, skep jou eie meesterstuk.

SJOKOLADEKOEKRESEP, SONDER MEEL, MET 'N TIKKIE KOFFIE.

Bestanddele lewer ses porsies en word teen 180ºC gebak.

• JY SAL NODIG HÊ:

125ml water,
225g botter,
190g suiker,
4 teelepels gemaalde koffiebone of baie fyn kits-espresso-koffiepoeier,
340g donker sjokolade,
vyf eiers en
95g ekstra suiker.

• HOE OM DIT TE DOEN:

Bring water, suiker en botter tot kookpunt. Verwyder van hitte en voeg sjokolade by en roer tot opgelos en voeg koffie by. Klits suiker en eiers saam en meng by afgekoelde sjokolademengsel in. Gooi in gesmeerde ramekin's en bak in waterbad (bain-marie) tot amper gestol. Haal uit en koel effens af. Bedien met vanieljeroomys en sprinkel fyngemaalde koffie liggies oor.

Bladsy 122

Klik hier op jou elektroniese toestel of gaan na
www.northwestnewspapers.co.za/herald/recipes/6288-tambotie-kombuis
om al ons Tambuti-resepte te sien.

Mosa Mataboge and Sergio Carollo of the Rustenburg Academy of Cooking who are demonstrating how to prepare a dish fit for a king with the unassuming "loaf" of bread.

Tambuti Kombuis - Rustenburg - What would the world do without bread? From the earliest ages the ever popular loaf of bread has dutifully served as staple the world over and centuries later the world still hasn't had enough, let alone too much.

This week two pastry students at Rustenburg's Academy of Cooking - Mosa Mataboge and Sergio Carollo - are demonstrating how the unassuming loaf of bread can literally light up your festive season when the celebrations have fallen silent.

Beefed up bread

CHEESE AND CHIVE PULL APART BREAD

INGREDIENTS:

- 170ml whole milk
- 1 tsp caster sugar
- 100g unsalted butter, cut into cubes
- 1½ tsp fine sea salt
- 3 tsp English mustard powder
- 500g strong white bread flour
- 1 x 7g sachet fast-action dried yeast
- 4 medium eggs, lightly beaten, plus 1 to glaze
- Oil to coat proving bowl
- 50g parmesan, grated
- 250g mature cheddar, grated
- ½ bunch of chives, finely chopped

METHOD:

Pour the milk into a pan and add the sugar and butter. Warm gently, swirling the pan until the butter has melted. Set aside until lukewarm.

Tip the salt, mustard, flour and yeast into a large mixing bowl and stir.

Make a well in the centre, then pour in the beaten eggs and milk mixture. Swiftly mix with a wooden spoon to make a rough dough, then tip onto a lightly floured surface and knead for 10-15 minutes until elastic and springy.

Alternatively, knead in a stand mixer for 7 to 10 minutes using the hook attachment.

Lightly oil a large mixing bowl.

Put the dough in the bowl and cover loosely with a tea towel. Leave in a warm place for 1½ to 2 hrs or until doubled in size. Knock the dough back on a lightly floured surface by lightly punching and briefly kneading it. Sprinkle over half the cheese and all of the chives.

Knead the dough until the cheese and chives are well distributed. Divide the dough into 18 equal-sized balls. Pinch the bottoms to create uniform, round balls.

Line a baking sheet with baking parchment and draw a 25cm round template on the parchment (a large dinner plate works well for this).

Arrange the dough balls in concentric circles in the circle you have drawn. Fill each gap with another scattering of cheese. Cover lightly. Leave for 1 to 1½ hrs or until the dough is risen.

Heat the oven to 200C/180C fan/gas 6. Beat the remaining egg and use to lightly brush the dough balls. Sprinkle over most of the remaining cheese, then bake for 25 minutes. Sprinkle over the last of the cheese and bake for 5 minutes more.

Leave to cool a little before serving warm.

HOMEMADE (ALMOST) CREAM CHEESE:

INGREDIENTS:

- 1L full cream milk
- 2 tbsp lemon juice
- 1/2 tsp salt (taste and add more salt based on your preference)
- 1 cup plain yogurt
- 1tsp crushed garlic • Salt, pepper

METHOD:

In a large pan, add the milk and bring to a boil over medium heat. Once it is boiling, add the lemon juice while stirring.

Simmer for 1min until the curds separate from the liquid. Place a strainer with cheesecloth over a large bowl.

Pour the curd mixture into the strainer and allow to drain for 10 to 15min. When the curds have drained, transfer curd into a food processor bowl, add yogurt, garlic salt and pepper and process until the curd is soft and creamy. Place in your dip bowl, cover and refrigerate until vegetables are ready.

ROASTED VEGETABLES:

INGREDIENTS:

- 125g cherry tomatoes
- 2 sweet peppers
- Salt & pepper
- Thyme
- 3 garlic cloves
- 1/3 cup olive oil

METHOD:

Wash and trim tomatoes and sweet peppers. Place vegetables, herbs and garlic in roasting tray. Drizzle with a generous amount of olive oil and sprinkle salt and pepper. Roast vegetable for 20min on 230°C.

TO FINISH:

Remove cream cheese dip form refrigerator, drizzle olive oil over dip. Place roast vegetables on top of dip. Serve with bread sticks and fresh bread.

Klik hier op jou elektroniese toestel of gaan na
http://www.northwestnewspapers.co.za/herald/recipes/6288-tambotie-kombuis
om al ons Tambuti-resepte te sien.

Bladsy 115

Lekker Bekker se piekels tops

GEPIEKELDE UIE:

- Plaas skoongemaakte uitjies (so ongeveer 2kg) in plastiekskottel en gooi 'n handvol growwe sout oor.
- As jy nie heel uitjies wil gebruik nie, kan jy uie in ringe opsny.
- Bedek met warm water en laat oornag staan.
- Gooi water volgende dag af en pak uitjies in gesteriliseerde flesse.
- Kook die asynmengsel saam.
- Vul die bottels met warm mengsel en draai toe.

ASYNMENGSEL:

- 500 ml wit asyn
- 125 ml suiker
- 250 ml bruin asyn
- 5 ml piekelspeserymengsel (spices)

GEPIEKELDE KNOFFEL:

- 2 knoffelhuisies (skoongemaak)
- 75 ml suiker
- 375 ml asyn
- 5 ml mosterdsaad
- 1 loerierblaar
- Swartpeperkorrels
- Knippie sout
- Maak knoffel skoon en pak in botteltjies.
- Bring ander bestanddele tot kookpunt en gooi oor knoffel in botteltjies.
- Draai styf toe.

Heerlik na twee weke.

Janette Bekker kook piekelsous vir die knoffel.

Tambuti Kombuis - As jy lank genoeg stilstaan, is die kanse goed dat Janette Bekker van Orkney jou gaan piekel.

Agri Pulse het by haar en manlief Vettie op 'n lente-oggend gaan inloer en hulle al vroeg agter die kookpotte aan't inlê gekry.

Jy kuier baie lekker by die lekker Bekkers as jy met 'n bottel of twee van hul produkte onder die arms groet. Dit was knoffel en rooi-ui se beurt vir 'n lekker piekel en ons gesels sommer so tussendeur oor alles en nog wat.

Janette is 'n eiendomsagent en doen so bietjie van alles in haar vrye tyd. Sy neem foto's, verf en het onlangs begin om groentes te bottel nadat haar man vir haar groentetonnels aangelê het. Vettie werk nog op die myn en is sy vrou se grootste ondersteuner. Janette sal nog dink sy wil iets doen, dan klop Take-a-Lot se koeriers al. Hy lag dat sy pa altyd gesê het 'n besige vrou wat hard werk bedags, "warra-warra'' nie snags in jou ore nie.

Janette vertel dit het eintlik als by die oorlog begin. Die een tussen Rusland en die Oekraïne. "Dit het my aan die dink gesit en ek het besef wat as daar 'n hongersnood kom? Ons sal meer selfversorgend moet raak. Ek het gedink aan groente plant en so vir Vettie daarvan vertel,'' gesels sy.

Dit was rondom Valentynsdag dat Vettie gesê het sy moet tuis bly, daar is 'n pakkie wat afgelewer gaan word. "Dit is toe nou die tonnels. Vettie was daardie tyd in die hospitaal en die bure het gehelp om die goed op te slaan. Heng, ek was in my skik hoor,'' vertel Janette verder. Die Bekkers is albei deur 'n rowwe tyd met hul gesondheid en Janette is in remissie nadat sy met kanker gediagnoseer is. Vettie was ook op die herstelpad na 'n stryd met sy gesondheid. "Dit het ons bietjie perspektief gegee om gesonder te lewe en vandaar het ons tuinboerdery floreer. Maar toe kom ek tot die besef wat gaan ek maak met al die groente?" lag sy.

So is Lekker Bekker se ingelegde produkte en piekels gebore. Alles wat geoes word, word gebottel. Dit was eers net vir tuisverbruik, maar so het vriende begin aankoop en gou het sy 'n gesonde besigheid aan die gang. "Dit was nie die bedoeling om 'n inkomste te genereer nie, en dit is eintlik net 'n meevaller, maar ons geniet dit.''

Blapse was daar al baie. Soos die dag toe Janette al die boontjies uittrek om dit op die stoep te sit en pluk. Sy het nie besef die boontjies sal weer dra nie en het dit wortel en tak uitgetrek. Daar is nog nie weer boontjies geplant nie. Hulle het ook gesukkel met bestuiwing weens 'n tekort aan bye en het nou laventelbosse aangeplant om bye te lok. Hulle het drupbesproeiing installeer en werk heeltemal organies. "Ons leer soos ons aangaan. Dit is heerlik en iets wat ons saam doen.''

Met die groet dra ons swaar aan 'n hele mandjie vol ingelegde bottels kerriewortels, koperpennie en piekeluie. Heerlik vir laatmiddag se kaas-en-vleisbord op die stoep.

Klik hier op jou elektroniese toestel of gaan na
http://www.northwestnewspapers.co.za/herald/recipes/6288-tambotie-kombuis
om al ons Tambuti-resepte te sien.

TAMBUTI KOMBUIS / TAMBUTI KITCHEN

Lekker paptert

Tambuti Kombuis - "Variety is the spice of life" lui die Engelse spreekwoord en is dit nie baie gepas dat dié eenvoudige lewensles of eetgoed as metafoor gebruik nie? Ons hier by "Raak die 'klits' kwyt" het dit ter harte geneem en Mercia du Plessis en haar mooie dogter Marli, dis vir ons hul eie weergawe van die immergewilde paptert op. Paptert is net soos baie ander Suid-Afrikaanse disse 'n seisoenale ding – aanvanklik ken niemand dit nie en net 'n maand of wat later is dit die bekendste dis op enige spyskaart.

Mercia en Marli (ja hulle het ook vir boetie Leon ingespan) maak hier vir ons hul eie skepping met die eenvoudig naam: - "lekker paptert" – want dit is presies wat dit is – smaakvol maar onopgesmuk.

Mercia en Marli maak dit so:

Mercia du Plessis en haar mooie Marli (13) wat vandeesweek vir ons hul eie weergawe van "lekker paptert" opdis. Dalk is dit net die ding vir jou volgende braai, potjie of familie-ete?

BESTANDDELE:

- 2 groot gekapte uie
- 2 pakkies sampioene – gekap
- 2 groen- of geelrissies – ook gekap
- 3 gekapte tamaties
- 500g spek in blokkies gesny
- 1 eetlepel olie
- sout en peper

SOUS:

- 500ml vars room
- 2 groot pakke kaaskrulle (cheese curls)

PAP:

- 500g mieliemeel
- 1 teelepel sout
- 2 eetlepels botter

METODE:

- Stel oond op 180°C en spuit 'n groterige oondbak.
- Kook mieliemeel in soutwater tot gaar. Snipper en braai spek en uie.
- Meng die gebraaide spek en uie, rissies en sampioene saam.

Skep in oondbak soos volg:

- Eers pap, dan spekmengsel en dan die roommengsel (kaaskrulle en room gemeng) bo-op.
- Laat effens afkoel en dit is gereed om te bedien.
- Natuurlik kan jy ook vars gerasperde kaas instede van die kaaskrulle gebruik – kinders hou egter meer van die kaaskrulle – dit is lekker "funky"!

Klik hier op jou elektroniese toestel of gaan na
www.northwestnewspapers.co.za/herald/recipes/6288-tambotie-kombuis
om al ons Tambuti-resepte te sien.

Vinnige en maklike quesadilla met 'n Suid-Afrikaanse kinkel

Tambuti Kombuis - Agri Pulse - Janette Kuhn, sjef en eienaar van die gewilde Vigilante Restaurant in Upington, het AgriPulse genooi om haar vinnige en maklike quesadillas te probeer. Wat is 'n quesadilla? "Queso" is kaas in Spaans. 'n quesadilla is 'n verhitte tortilla met gesmelte kaas binne. Maar benewens kaas, kan jy feitlik enigiets in 'n quesadilla sit. 'n Quesadilla is 'n Mexikaanse gereg wat uit die 16de eeu dateer. Tradisionele quesadilla is gemaak met 'n mielietortilla wat op 'n rooster verhit is, gevul is met kaas en verskeie ander vulsels (vleis, groente), en dan opgevou is om met die hand geëet te word. Dit lyk asof die byvoegings soos guacamole, salsa en suurroom later gekom het. En, soos Amerikaners quesadillas aangeneem het, het hulle hul eie stempel daarop gesit en nie-tradisionele vulsels soos roereier bygevoeg om ontbyt-quesadillas te maak en dikwels meeltortillas vir die mielietortillas verruil. Voorafgerasperde kaas is handig en smelt goed genoeg, alhoewel ons aanbeveel om jou eie kaas te rasper vir die beste smeltbaarheid. Jy kan enige smeltbare kaas in 'n quesadilla gebruik. Mieliemeel- of koekmeeltortillas vir quesadillas? Tradisioneel in Mexiko word quesadillas gemaak met mielietortillas, nie koringmeeltortillas nie, en 'n smeltende, wit kaas.

Janette Kuhn, sjef en eienaar van die gewilde Vigilante Restaurant in Upington het AgriPulse genooi om haar vinnige en maklike quesadillas te probeer. Probeer gerus hulle opwindende nuwe menu vir aansit, wegneem of aflewering of probeer selfs een van hulle eet- uitdagings. 142 Groenpuntweg, Keidebees, Upington. Tel. 0603007544.

Klik hier op jou elektroniese toestel of gaan na http://www.northwestnewspapers.co.za/herald/recipes/6288-tambotie-kombuis om al ons Tambuti-resepte te sien.

BESTANDDELE:

Biltongpoeier of gesnipperde biltong
1 Avokado vir garnering
Guacamole
Salsa
Gerasperde kaas
Fetakaas
Gekapte tamaties
Biltong vir garnering
Suurroom of roomkaas
Fyngekapte koljander

METODE:

Voorverhit jou broodrooster of oond tot 180°.
Smeer mildelik biltongpoeier of gekapte biltong op die tortilla.
Voeg 'n bietjie feta by die smeer.
Voeg vryelik gerasperde kaas by en plaas nog 'n tortilla bo-op.
Spuit 'n bietjie Spray and Cook op broodrooster of oondpan.
Wag vir quesadillas om ligbruin te word.
Sny in kwarte en garneer met salsa, guacamole, suurroom, ensovoorts.
Dien op saam met sangria, bier of selfs vonkelwyn.

Hoe om jou eie guacamole te maak

BESTANDDELE:

3 avokado's - geskil, ontpit en fyngedruk
1 suurlemoen, versap
1 teelepel sout
2 roma (pruim) tamaties, in blokkies gesny
½ koppie gekapte ui
3 eetlepels gekapte vars koljander
1 teelepel gemaalde knoffel
1 knippie gemaalde rooipeper (opsioneel)

METODE:

Meng avokado's, lemmetjiesap en sout saam in 'n medium bak; meng tamaties, ui, koljander en knoffel by. Roer rooipeper by. Bedien dadelik, of bedek en verkoel vir 1 uur vir verbeterde geur.

Hoe om jou eie tortilla te maak

BESTANDDELE:

2 koppies 'All Purpose' meel
1/2 teelepel sout
3/4 koppie water
3 eetlepels olyfolie

METODE:

In 'n groot bak, kombineer meel en sout. Roer water en olie by. Keer uit op 'n meelbestrooide oppervlak; knie 10 - 12 keer, voeg 'n bietjie meel of water by indien nodig om 'n gladde deeg te kry. Laat rus vir 10 minute. Verdeel deeg in 8 porsies. Op 'n oppervlak wat liggies met meel bestrooi is, rol elke porsie in 'n 7-duim-sirkel. Bak tortillas oor medium hitte in 'n gesmeerde gietyster- of ander swaarboompan tot ligbruin, sowat 1 minuut aan elke kant. Bedien warm.

Hoe om jou eie Salsa te maak

BESTANDDELE:

3 koppies gekapte tamaties
1 koppie ui, in blokkies gesny
½ koppie gekapte groen soetrissie
¼ koppie gemaalde vars koljander
2 eetlepels vars lemmetjiesap
½ teelepel gemaalde komyn
½ teelepel kosjer sout
½ teelepel gemaalde swartpeper

METODE:

Roer tamaties, ui, groen soetrissie, koljander, lemmetjiesap, komyn, sout en peper saam in 'n bak.

Bladsy 120

kom ons hou partytjie!

Tambuti Kombuis - Kinderpartytjies is al lankal nie meer 'n bak kaaskrulle, 'n klompie cupcakes en omgekeerde roomyshorinkies met 'Smarties' in nie.

Deesdae gaan daar byna net soveel beplanning in 'n partytjie vir die kleingoed in soos vir 'n Hollywood 'Blockbuster'! Maar as die verjaardagkoek 'n treffer is, is helfte van die stryd gewonne. Marnus van Dyk van Rustenburg dek vir ons 'n kleurvolle partytjietafel vir 'n klein prinses. Só maak Marnus 'n 'Unicorn' koek, Rice Krispies vierkante en Skuimpies. Kyk na die video om te sien hoe sit Marnus van Dyk en Amé van der Westhuizen die koek aanmekaar.

VANIELJE 'UNICORN' KOEK

Bestanddele:
Vanielje Sponskoekmengsel
9 Eiers
100ml Olie
250ml Water

Versier:
500g Wit (Wooden Spoon) Bakbotter
1Kg Versiersuiker
15ml Vanieljegeursel

Metode:
1. Klits Eiers en Water tot lig
2.Voeg Olie by. Meng deeglik vir 2 minute.
3.Voeg Vanielje Sponskoekmengsel by. Meng goed.
4.Spuit vier 20cm koekpannetjies met "Spray & Cook"
5.Deel die deegmengsel op in vier gelyke dele.
6. Bak vir 25-35 min op 180°C

Versier:
500g Wit (Wooden Spoon) Bakbotter
1Kg Versiersuiker
15ml Vanieljegeursel

'ROYAL ICING' KOEKIES

Met 'n klein bietjie kreatiwiteit word 'n gewone koekie 'n kunswerk.

Bestanddele:
3 Eierwitte
600g Versiersuiker
1 tlp Glukose
1 tlp Lemoensap

Metode:
1.Klits Eierwit tot lig en voeg versiersuiker geleidelik by.
2.Voeg die Glukose en Lemoensap by. Meng goed.
3.Deel mengsel en voeg kleursel (jou keuse) by.
4. Bedek koekies, asook deel van die koek daarmee.

RICE KRISPIES VIERKANTE

Bestanddele:
250g Malvalekkers
2.5ml Vanieljegeursel
100g Botter (in klein blokkies gesny)
175g Rice Krispies

Metode:
1.Spuit n pan "Spray & Cook". Sit eenkant
2. Smelt botter en malvalekkers oor medium hitte in 'n pot.
3. Voeg Vanieljegeursel en die Rice Krispies by. Meng goed.
4. Werk vinnig en sprei die mengsel eweredig uit oor die pan.
Laat afkoel.
5. Sny in vierkante; druk roomysstokkies in en bedek met Royal Icing en 'sprinkles'.

BLOU-EN-PIENK SKUIMPIES

Bestanddele:
4 Eierwitte (kamertemperatuur)
115g Strooisuiker
115g Versiersuiker

Metode:
1.Verhit oond tot 100°C
2. Plaas Eierwit in 'n bak en klits tot veerlig.
3. Voeg Strooisuiker geleidelik by. Hou aan meng.
4. Sif die Versiersuiker in en vou in die mengsel.
5. Deel mengsel in twee gelyke dele.
6. Voeg jou keuse van Kleursel by.
6. Plaas mengsel in 'n "Piping Bag" en druk klein, ronde vorms op bakplaat uit.
7. Bak vir 1 1/4 uur

Bladsy 117

Klik hier op jou elektroniese toestel of gaan na http://www.northwestnewspapers.co.za/herald/recipes/6288-tambotie-kombuis om al ons Tambuti-resepte te sien.

Trienie en Kiewiet bak brood vir Rusoord

Heerlike vars egte boere-brood

Tambuti Kombuis - Dit is nou maar eenmaal so: Suid-Afrikaners hou van tuisgebak – nog al die jare! As jy dus in jou resepteboek nie kan spog met 'n beproefde reseppie van jou grootouma se grootjie wanneer julle die koffie- en teekoppies laat ratel en almal "oe" en "aah" oor dié of daardie spesiale resep vir beskuit, koek, melkkos, kleinkoekies, gemmerkoekies, gemmerbier of dergliks nie, nee, dan bly jy liewers maar stil. Tradisie het dit nou maar eenmaal onder ons mense gevestig.
As 'n ding nie oud is en homself deur letterlik eeue gevestig en bewys het nie, is dit nog lank nie te sê dat dit 'n wenresep is nie. Kyk nou maar mooi wat gebeur by 'n kerkbasaar, of 'n kultuurfees, of so-iets. Die gebakte poedings, beskuit, souskluitjies, koeksisters, sjokeladekoek en witkoeke, hawermout-koekies, Jan Smuts-koekies en ag, al daardie lekkernye wat oor eeue heen onder Suid-Afrikaners gewild geword het, (om van droëwors en biltong nie eens te praat nie) verdwyn sommer baie vinnig van die tafels af. 'n Mens sien by sulke geleenthede dikwels mense wat nie alleen vroeg opdaag nie, maar boonop 'n ekstra skinkbord of twee saambring. Nou weet jy hoekom nê? Kiewiet en Trienie Weitsz het geskiedenis gemaak deur by geleentheid nie minder as 46 brode te bak. Trienie en Kiewiet se gewone witbroodresep lyk so – die resep is genoeg vir iemand wat darem 'n klompie broodjies wil bak hoor... Dis is heeltemal genoeg vir so amper ses tot sewe broodjies. Heeltmal voldoende vir jou volgende kerkbasaar, skoolfunksie of as jy nou werklik 'n taamlik groot party aan't reël is. Onthou papiersakkies waarin jy jou heerlike warm brode kan plaas – nie plastiek nie – anders "sweet" jou broodjie homself sopnat...

BESTANDDELE:

- 5 kg koekmeel;
- 1 koppie semels;
- 3 eetlepels sout;
- 2 eetlepels suiker;
- 4 pakkies kits-suurdeeg;
- 125g Margarien;

METODE:

- Meng die bestanddele goed. Knie deeglik met genoeg louwarm-water om 'n hanteerbare deeg te vorm. Laat rys vir ongeveer 'n driekwart uur. Knie vir 'n tweede keer goed af. Vorm die deeg in broodvormpies en pak in broodpanne. Laat rys tot die pannetjies met deeg mooi hoog staan en bak dan in 'n voorverhitte oond teen 160°C vir tussen 45 en 55 minute. Dankie Kiewiet en Trienie – die broodjie was al te heerlik!

Klik hier op jou elektroniese toestel of gaan na http://www.northwestnewspapers.co.za/herald/recipes/6288-tambotie-kombuis om al ons Tambuti-resepte te sien.

